

VROUEPREDIKANTE IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA: 'N OPDRAANDE STRYD

Erna Oliver

Departement van Christelike Spiritualiteit, Kerkgeskiedenis en Missiologie,
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Suid-Afrika

Abstract

WOMEN THEOLOGIANS IN THE NEDERDUITSCH HERVORMDE CHURCH: AN ONGOING STRUGGLE

More than 30 years have passed since the Nederduitsch Hervormde Church, the second largest of the three traditional Afrikaans-speaking sister churches, opened the door for women to become ministers. Statistics are used to determine the present situation of women in the church. The number of women ministers is still small and only a few women are full-time ministers. A questionnaire gave insight into the feelings of the women working in the church. Discrimination, tradition and assumptions still play an important role in the church and women work harder for less pay than their male colleagues. A paradigm shift is necessary to end the voicelessness of women and to enable all Christians to proclaim the gospel to a lost and fast changing world.

Opsomming

Meer as 30 jaar nadat die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die predikantsamp vir vroue oopgestel het, lyk dit of daar steeds 'n stryd gevoer word ten opsigte van gelykheid tussen die geslagte in die predikantsberoep. Statistieke wys dat die getal vroueteoloë steeds baie klein is en dat daar min vroue is wat voltyds in die bediening staan. Vroueteoloë is om hulle menings gevra in 'n poging om die stilte oor die onderwerp te verbreek. Diskriminasie, tradisie

en aannames speel steeds 'n bepalende rol in vroueteoloëse werksomgewing. Vroue werk harder en vir minder geld as hulle manlike kollegas. 'n Paradigmaskuif is noodsaaklik sodat gelowiges bemagtig word om die evangelie ongehinderd aan 'n verlore en snel veranderende wêreld te bring.

1 INLEIDING

In 1975 het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika besluit om die amp van predikant vir vroue oop te stel, en vyf jaar later is Yolanda Dreyer, tans professor in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria, as eerste vrouepredikant van die kerk toegelaat. In daardie stadium was die Hervormde Kerk die enigste van die Afrikaanse susterskerke wat vroue as predikante georden het en geen beperkinge op die kerklike bediening deur vroue geplaas het nie. Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het eers in 1990 die groen lig gegee dat vroue tot die amp van predikant en ouderling toegelaat kon word, terwyl die voormalige NG Sendingkerk reeds sedert 1982 vroue in die amp van predikant georden het. By die Gereformeerde Kerke is daar tans nog geen sprake van vroue in die predikantsamp nie. Die Metodistekerk (1974), Presbiteriaanse Kerk (1975) en die Lutherse Kerk (1980) orden ook vrouepredikante (Ackermann 1984:64).

Vandag is die vure oor die kwessie van die vrou in die amp steeds nie geblus in Afrikanergeledere nie, maar die grootste deel van die debat vind buite akademiese kringe plaas (vergelyk Van Niekerk 2006; Christians.co.za 2007). Verder is dit opmerklik dat menings wat in Suid-Afrika oor hierdie onderwerp uitgespreek en studies wat daarvoor gedoen word – sowel in die massamedia as in kerklike kringe – hoofsaaklik van mans afkomstig is (vergelyk byvoorbeeld die werke van Kleynhans 1983; Scholtz sa; Van der Merwe sa; Van Staden sa; Heyns 1985:138), terwyl vroueteoloë selde aan die gesprek deelneem. In die afwesigheid van vroue word oor hulle gepraat en namens hulle besluite geneem (Plaatjies; Landman 2005:210).

Vroue-akademici skryf wel oor sake wat vroue raak, maar nie spesifiek oor die vrou in die amp van predikant nie. Professor Yolanda Dreyer het deur die jare heelwat geskryf oor vroue se geloof (onder meer Dreyer 1999a, Dreyer 1999b, Dreyer 2000a, Dreyer 2002), en ook artikels gelewer waarin feministiese teologie bespreek word (Dreyer 1998, Dreyer 2000b). Dr Frances Klopper beskou haarself as 'n laatkommer in die feministiese teologie (Klopper 1996:49) wat 'n gematigde houding het en feministiese teologie op 'n postmodernistiese manier bedryf (Klopper 1993). Professor Christina Landman van die Universiteit van Suid-Afrika, 'n tydgenoot van Yolanda Dreyer, het feministiese teologie aan die Katolieke Universiteit van Nijmegen bestudeer. As gevolg van haar publikasies en uitsprake word sy as 'n liberale feministiese teoloog beskou (Landman 2005:159). In Suid-Afrika dra die term "feminisme" swaar aan 'n negatiewe lading wat deur sowel mans as vroue daaraan geheg word. Dit is so erg dat enigiets of selfs persoon wat met hierdie term verbind word, eenvoudig geïsoleer en geëtiketteer word.

Hierdie artikel fokus nie op die teologiese debat oor die vrou in die amp in die algemeen nie, maar word toegespits op die praktiese ervaring van vroue wat tans predikante in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is. Die studie sluit nie die agtien vroue in wat teologiese studente is nie en dit kon nie na die ander susterskerke uitgebrei word nie, omdat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie gereageer het op herhaalde versoeke om inligting en statistiek te verskaf nie, terwyl die Gereformeerde Kerke, soos reeds genoem, steeds nie vroue in die amp van predikant toelaat nie.

Die ondersoek is veeldoelig. Die statistiese gegewens is gebruik om die huidige stand van sake betreffende die posisie van die vrou as predikant in die Hervormde Kerk te bepaal. Vrouepredikante is deur middel van 'n vraelys gevra om hulle mening uit te spreek oor sake soos gelykheid tussen geslagte in die werksituasie, hulle passies en hulle mening oor die vrou in die amp. Daar is gepoog om hierdeur 'n vroulike perspektief op die Suid-Afrikaanse konteks te verkry en mense oor die algemeen meer bewus te maak van die feit dat daar steeds teen vroue gediskrimineer word.

2 METODOLOGIE

Daar is hoofsaaklik gebruik gemaak van twee soorte bronne van inligting. Eerstens is statistiese gegewens rakende vroueteoloë in die Hervormde Kerk verkry vanaf dr Fanie Pretorius, Skriba van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. hierdie data bestaan uit 'n werkblad en tabelle waarin inligting omtrent vroueteoloë weergegee word.

Tweedens is inligting deur middel van 'n kort vraelys ingesamel. Die navorsing is beperk tot vroueteoloë van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Geen bestaande vraelyste kon opgespoor word nie en die vraelys wat hier gebruik is, is deur die navorser self opgestel. Dit bestaan uit agt vrae. Die eerste deel fokus op gelykheid tussen geslagte (vier vrae). Die tweede deel wil vasstel of vroueteoloë hulle passies uitleef (drie vrae). Die laaste vraag handel oor respondente se mening oor die vrou as predikant in die algemeen. Die projek is oorspronklik bedoel om as kwantitatiewe navorsing te dien. Ongelukkig was die reaksie op die vraelys baie swak. Net meer as 'n kwart (28%) van die vraelyste is terugontvang. Aangesien die resultate nie as verteenwoordigend van al die vrouepredikante in die Hervormde Kerk gesien kan word nie, word die bevindings hier aangebied as die menings of ervarings van 'n groep vroueteoloë in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

3 VROUEPREDIKANTE IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Meer as 80% van die Suid-Afrikaanse bevolking beskou hulleself as Christene, en hierdie syfer styg jaarliks (Statistics South Africa 2004:24). Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is die tweede grootste van die drie tradisionele Afrikaanssprekende susterskerke in Suid-Afrika. Al drie hierdie kerke beleef, in teenstelling met die nasionale tendens, 'n afname in lidmaatgetalle en gaan gebuk onder steeds erger wordende finansiële tekorte. Hierdie faktore is waarskynlik deels daarvoor verantwoordelik dat daar tans 38 predikante in die Hervormde Kerk is wat beroepafwagting is.

Die volgende statistiek bied 'n opsomming van die posisie van die vroueteoloë in die Kerk:¹

- 57 van die 477 predikante is vroue
- 7 van die 204 volsorg-standplase word deur vroue bedien
- 10 van die 34 deelsorg-standplase word deur vroue bedien
- 14 van die 56 deeltydse predikante in die kerk is vroue
- 1 van die 5 predikante met besondere opdrag is 'n vrou
- 3 van die 9 predikante wat benoemingsposte beklee, is vroue
- 17 van die 38 beroepafwagendes is vroue
- 3 van die 6 predikante wat oorsee is met preekvergunning, is vroue
- 1 van die 8 dosente is 'n vrou
- Nie een van die 5 administratiewe poste in die kerk word deur vroue beklee nie.
- Daar is geen vroue wat emeriti is (92 mans) of op siekte-emeritaat (15 mans) is nie.
- 18 van die 44 studente wat tans in die teologie studeer, is vroue.

Deur die jare het daar 11 vrouepredikante uit die kerk bedank (nie een is tot dusver afgesit nie – met ander woorde deur die kerk aangesê om hulle poste te ontruim nie) en drie van hierdie vroue is later weer in die amp herstel. Daar is ook 6 predikantsepare in die Kerk. 'n Paar van die vroue wat uit die amp bedank het, is of was met predikante getroud.

Vrouepredikante is reg oor die land werksaam. Dit is opmerklik dat die vroue wat op beroepe wag, ook wyd verspreid oor die land woon, en dat die meerderheid nie in klein dorpieë of plattelandse gebiede woon nie, maar in dorpe en stede aan die Rand, asook in en om Pretoria.

In voltydse standplase is predikante werksaam wat volle traktement ontvang en voltyds in diens van die kerk staan. 'n Predikant wat 'n deelsorg-standplaas behartig, werk wel voltyds as predikant in die kerk, maar kry nie volle traktement en versorgingsvoordele nie en

¹ Hierdie inligting is verskaf deur Dr Fanie Pretorius, Skriba van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

word nie toegelaat om ander werk buite die gemeente te doen nie. Predikante wat deelyds in diens van die kerk is, werk op deelydse grondslag vir die kerk en word wel toegelaat om ook ander werk buite die kerk te doen (tentmaker). Predikante met besondere opdrag is spesialisbedienaars soos onder meer kapelane in die weermag, polisie en gevangenisdiens, terwyl predikante in benoemingsposte deur die kerk aangestel is om 'n spesifieke bediening (bv jeug) te behartig.

Dr Pretorius (2007) verstrek die volgende redes vir die klein getal vroue in voltydse poste:

- Eerstens dink baie kerkrade dat vroue eenvoudig nie daartoe in staat is om 'n volle standplaas te hanteer nie. Hulle bly dus by die beroep van mans vir voltydse standplase.
- Die belangrikste rede is egter dat die vroue nie kans sien vir gemeentewerk saam met die versorging van hulle gesinne nie. Die afgelope jaar het minstens ses vrouepredikante wat deelyds in diens van die kerk was, hulle laat losmaak uit die bediening omdat hulle nie kan bybly met kinders grootmaak, huishouding en predikantswerk nie.
- Verder gebeur dit ook dat jonger vrouepredikante wat trou, saam met hulle mans moet verhuis en dan op 'n plek beland waar daar nie werkseleenthede is nie.
- Daarby word deelydse standplase wat deur vroue bedien word vanweë finansiële tekorte deur gemeentes opgehef.

3.1 Resultate van die ondersoek

3.1.1 Gelykheid

Hoewel die vraelys aan al die vrouepredikante gestuur is, het net 16 daarop gereageer. Vraelyste is terug ontvang van vroue wat elkeen van die verskillende bedieningsvelde (voltyds, deelyds, deelsorg) bedien. Vraelyste is van beroepafwagendes en vroue wat ander poste in die kerk beklee, asook van vroue wat met predikante getroud is, ontvang. Hoewel daar min vraelyste terugontvang is, is die verskeidenheid bedieningsvelde en werksomstandighede wat daarin

weerspieël word opvallend, en dra dit by tot die insiggewende inligting wat deur die ondersoek aan die lig gebring is.

Vraag 1 Voel jy dat jy gelykwaardig met jou manlike kollegas behandel word deur ...?	Ja	Nee	Soms
Gemeentelede	12	2	2
Gemeenskap	8	3	5
Kollegas	9	4	3

Dit is opmerklik dat gemeentelede manlike en vroulike predikante gewoonlik gelykwaardig behandel, terwyl kollegas dit steeds nie heeltemal regkry nie.

Verder is respondente gevra om hulle antwoord te verduidelik indien hulle nie positief op die eerste vraag geantwoord het nie. Die volgende sake is genoem:

- Mense in senior posisies nader steeds eerder mans as vroue vir raad en bystand.
- Daar is steeds mense (veral NG- en APK-lidmate) wat opstaan en die diens verlaat as 'n vrou preek.
- Daar is mense (veral mans) wat gekant is teen vrouepredikante. Party is uitgesproke en maak snedige opmerkings of vra dinge soos: "Meisie, mag jy preek?" Ander maak "onskuldige" opmerkings of grappe oor die "vroue wat oorneem" in die konsistorie.
- Veral jonger vroue kry teenstand oor hulle ouderdom terwyl jong manlike predikante gekomplimenteër word oor hulle jeugdige voorkoms.
- Vrouepredikante word dikwels op hulle voorname aangespreek of "mevrou" genoem terwyl hulle manlike kollegas deur dieselfde mense op hulle titels aangespreek word. Dit gebeur selfs dat vrouepredikante se mans op hulle vrouens se titels aangespreek word.
- Gemeentes glo dat 'n vrou nie sonder die hulp van 'n manlike kollega kan klaarkom nie.
- 'n Vrou in beheer bly 'n swaar pil om te sluk.

- Mans smee nie kollegiale vriendskapsbande met vroue nie.
- Dit wil voorkom of die mans nie weet hoe om teenoor die vroue op te tree nie en dan patroniserend optree.
- Die enigste ongelykheid is die traktement.

Van die respondente het gesê dat hulle wel binne die gemeenskap waar hulle werksaam is, aanvaar word (ook in plattelandse gemeentes) maar dat hulle nie gelykheid ervaar in die wyer samelewing nie. Een respondent het verklaar dat sy doelbewus mense en situasies vermy waar daar teen haar as vrou gediskrimineer kan word.

Vraag 3		
Voel jy dat jy harder werk of sal moet werk as jy beroep word as jou manlike kollegas?	Ja	Nee
	11	5

Die meeste vrouepredikante voel dat hulle harder werk as hulle manlike kollegas. Die vernaamste rede wat hiervoor aangegee is, is dat vroue voel dat hulle hulleself voortdurend en in alle opsigte aan almal moet bewys. Daar word selfs van voltydse vrouepredikante verwag om 100% betrokke te wees by die NHSV (Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging). Meer as een respondent het gevoel dat vrouepredikante “fyn dopgehou” word wat hulle werk en optrede in die algemeen betref. Daarom werk hulle baie hard en probeer om nie foute te maak nie. Party vrouepredikante voel dat hulle professioneel en akademies baie beter moet presteer om te verseker dat hulle oor dieselfde kam as hulle manlike kollegas geskeer word. Veral wat die kerklike hiërargie betref, ervaar vroue dat hulle deur ’n glasplafon beperk word.

3.1.2 Uitleef van passie

Die volgende afdeling van die vraelys het gehandel oor vrouepredikante se passie en hulle uitlewing daarvan. Vroueteoloë se grootste passie is om die evangelie te verkondig, te preek en om met mense te werk. Enkeles wil graag dosente wees, ’n kinder- en

jeugbediening behartig, skryf, of sendingwerk doen. Die meeste vrouepredikante wil voltyds in die bediening staan.

Vraag 6 Leef jy op die oomblik jou passie uit?	Ja	Nee	Gedeeltelik
	10	2	4

62% vrouepredikante leef hulle passie uit, terwyl 38% nie heeltemal daarin slaag nie. Die belangrikste redes waarom vroue nie hulle passie uitleef nie, is 'n tekort aan geld en 'n gebrek aan geleenthede. Verder is 'n tekort aan tyd, ervaring, selfvertroue en kennis deur enkele respondente genoem. Slegs een respondent (met besonder komplekse huislike omstandighede) het gesinsverpligtinge genoem as 'n rede waarom sy nie op die oomblik haar passie ten volle kan uitleef nie.

Opmerkings wat vroue hier as kantaantekeninge deurgegee het, is insiggewend. Party vroue begin twyfel of hulle droom om in voltydse standplase werkzaam te wees, ooit bewaarheid sal word. Ander is onseker of 'n beroep in die kerk hulle passie sal kan bly as hulle nie in staat is om dit uit te leef nie. Vroueteoloë wat beroepafwagting is, moet noodgedwonge ander talente ontwikkel en beroepe beoefen. Hierdie take verg soveel aandag en tyd dat hulle passie daarin verlore raak. In nog ander gevalle verskuif die vroue se fokus in so 'n mate na hierdie take en talente dat dit besig is om hulle passie te word. Laastens is daar ook vroue wat meen dat hulle passie heeltemal buite hulle opleiding as teoloë en die bediening in die kerk lê. Die kerklike bediening kan in hierdie gevalle egter gebruik word (veral deur geld te genereer en geleenthede te skep) om hierdie vroue se eintlike passie en fokus 'n werklikheid te maak.

3.1.3 Die vrou in die amp van predikant

In die laaste afdeling van die vraelys is vrouepredikante gevra om hulle mening uit te spreek oor die vrou as predikant in die algemeen. Aan die positiewe kant ervaar vrouepredikante dat mense openlik en

eerlik teenoor hulle is en dat hulle bediening en aanslag oor die algemeen waardeur word. Van die vroue het verklaar dat hulle uitermate gelukkig is in hulle werk en dat hulle dit geniet om die Here op hierdie manier te dien. Hulle ag hulleself bevoorreg om in die Hervormde Kerk werksaam te wees. Van die vroue wat al lank in die bediening is, is van mening dat dit tot die vrou se voordeel is dat sy nie in die stereotipiese manlike “dominee”-rol pas nie. Dit skep unieke geleenthede tot evangelieverkondiging en bied uiteenlopende uitdagings vir die vrou om nuwe paaie te baan en om as leiers ’n positiewe rol in die gemeenskap en kerk te speel. Daar was geen klagtes dat die Hervormde Kerk vroue in stereotipiese rolle wil plaas of aan bande lê ten opsigte van hulle ontwikkeling, studies of unieke bedieningstyle nie. Waardering is uitgespreek vir die feit dat die Hervormde Kerk ondersteunend is en vroue aanmoedig, hoewel dit ook duidelik gestel word dat manlike kollegas nie almal ewe positief is nie.

Baie vroue het gesê dat hulle dankbaar is vir die werk wat hulle doen. Hulle verduidelik dit so: In die tyd waarin ons leef word daar van mense wat ’n werk het verwag om nie te kla met die spreekwoordelike witbrood onder die arm nie omdat daar soveel ander is wat graag daardie werk sou wou doen indien hulle die kans gegun sou word (daar is heelwat beroepafwagters – mans sowel as vroue – wat waarskynlik bereid sou wees om teen verminderde traktement te werk indien sulke poste vir hulle aangebied sou word).

Daar is egter ook negatiewe kommentaar van uiteenlopende aard oor die ervarings van die respondente ontvang. Enkele vroue beleef dat hulle “fyn dopgehou word”- deur sowel die gemeenskap as “die kerk” - juis omdat hulle vroue is. Hulle voel dat wanneer ’n vrouepredikant ’n fout begaan, of huweliksprobleme ondervind, of net hardop wonder of die bediening werklik ’n toekoms inhou, dit haar moeiliker vergewe word as in die geval van haar manlike kollegas. Wanneer ’n vrou besluit om die bediening te verlaat, word daar, volgens sommige vroueteoloë, onomwonde deur sommige kollegas en lede van die gemeenskap verklaar dat “vroue nie die mas kan opkom” nie.

Respondente meen ook dat vroue oor die algemeen, en vroue wat getroud is in die besonder, as goedkoop arbeid misbruik word,

hoewel dit natuurlik nie so genoem word nie en met verskonings en sagte woorde verdoesel word. Dit is gebruiklik om vroue minder te betaal as hulle manlike kollegas vir dieselfde werk wat verrig word, Die finansiële nood van gemeentes word dikwels die boeg waarvoor hierdie vorm van diskriminasie gegooi en verdedig word.

Enkele respondente het die hoop uitgespreek dat die situasie waar mense se geslag en ras voorop gestel word in die werkplek sal verdwyn. Hierteenoor is enkeles van mening dat die fokus heeltemal te veel op die vrou val. Hulle is van mening dat die wêreldwye fokus wat op die opheffing van vroue val, in die Suid-Afrikaanse samelewing nie regtig van toepassing is nie omdat die meeste vroue, volgens hulle, hier vry is om te studeer, enige beroep te beoefen en keuses te maak selfs ten opsigte van gesinslewe, huishouding en hulle eie liggame. Die vrouepredikante doen volgens hierdie groep dieselfde werk as die man en mag nie aanspraak maak op “spesiale voorkeurbehandeling” of “gepamperlang” word omdat sy “anders” is nie. Dit is haar eie keuse om hierdie beroep te volg, en sy moet met al die implikasies van haar keuse saamleef.

3.2 Kommentaar

Na meer as 30 jaar waarin vroue as predikante werksaam is in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, is die prentjie wat geskilder word wanneer hierdie vroue om hulle menings en ervarings gevra word, kompleks. Eerstens word daar gekyk na die inligting en opmerkings rakende die vrou in die amp soos dit deur die skribaats van die Hervormde Kerk verskaf is. Daarna word die resultate van die ondersoek in dieselfde volgorde as wat dit vooraf aangegee is, bespreek.

3.2.1 Statistiek en mening van die skribaats

Die meeste vrouepredikante wil graag die evangelie verkondig in voltydse standplase, sy aan sy en op gelyke vlak met hulle manlike kollegas. Dit is sekerlik ook die intensie wat die Hervormde Kerk gehad het toe die deure vir vroue oopgestel is. Tog lyk dit (op papier, en ook na aanleiding van vroueteoloë se persoonlike ervarings) asof die kerk in praktyk steeds ’n “club of powerful males” (Oduyoye

1998a:5) is. Die rede hiervoor is tweeledig. Wanneer die kerk voordeel trek uit die strukture (soos die feit dat vroue harder werk teen verminderde traktement), doen die kerk niks om daardie strukture te verander nie (Oduyoye 1998b:69). Die veranderde samelewing waarin blanke mans agter in die ry staan ten opsigte van werksgeleenthede in die openbare sektor, veroorsaak waarskynlik dat mans bang is om hulle bevoorregte posisie in die kerk prys te gee. Die ongelukkige gevolg hiervan is dikwels ongelykheid en diskriminasie. Hiervan getuig die feit dat minder as 12% van die kerk se predikante vroue is en net 3,4% van die volsorg-standplase deur vroue bedien word. Dit is kommerwekkend dat daar net een vrouedoseant en geen vroue in administratiewe poste nie. Dit wil dus lyk of die glasplafon wel deeglik teenwoordig is. Wat die res van die statistiese struktuur betref, word vroue beter verteenwoordig.

'n Kommunikasiegaping is waarskynlik verantwoordelik vir die feit dat die mening van vroue oor hulleself en hulle werksomstandighede in groot mate verskil van die mening wat die administrasie van die kerk oor dieselfde saak huldig. Daar moet aangeneem word dat dr Pretorius uit die aard van sy werk gereeld skakeling met vrouepredikante het. Daar kan ook veronderstel word dat hy kennis dra van die redes waarom die groep deeltydse vrouepredikante die amp verlaat het. Tog verskil sy mening in soveel opsigte van dié van die vrouepredikante self dat daar nie sonder meer aangeneem kan word dat die wyse waarop hy die feite verstaan, volledig betroubaar is nie. Daar moet ook duidelik gestel word dat hierdie mening van dr Pretorius as informele inligting aan die navorser deurgegee is en dat dit nie as die amptelike standpunt oor die saak gesien of hanteer kan word nie. Tog kan dr Pretorius se mening gebruik word as 'n aanduiding van die siening van sommige manlike teoloë oor hierdie sake.

Die aanname wat Pretorius maak oor vrouepredikante wat saam met hulle mans verhuis na plekke waar nie werksgeleenthede is nie, word deur die statistieke weerspreek. Vroue is oral in die land woonagtig en baie van dié wat beroepafwagting is, bly in dorpe en stede aan die Rand en in en om Pretoria. Wanneer daar gekyk word na sy argument oor vroue se onvermoë om gesin en werk te kombineer, is dit duidelik dat hy steeds vasgevang is binne die tradisionele denk-

raamwerk wat nie sonder meer van toepassing is op ons 21ste-eeuse samelewing nie. Vandag staan baie vroue in veeleisende beroepe as broodwinners. Hierdie vroue is suksesvol en gelukkig in hulle rol as beroepsgerigte vroue en ook in die rol wat hulle in hulle gesinne vertolk. Dit beteken gewoonlik dat die rolle in die gesin verander en aanpas om by die omstandighede en vereistes van die vrou se werk in te pas. Die vroue hoef nie en behoort nie 'n broodwinnersrol te speel en dan ook nog alle gesins- en huishoudelike verantwoordelikhede ook op hulle skouers te neem nie. Indien 'n vrou in 'n volstandplaas teen volle traktement werksaam is, kan sy die broodwinner wees en behoort die gesin hierby te kan aanpas soos in die geval van ander beroepe.

Die standpunt dat vroue onmagtig is om 'n huishouding en beroep in die kerk suksesvol saam te hanteer, laat 'n hele aantal vrae ontstaan: Is vroue bereid om as broodwinners in hulle gesinne op te tree ten einde hulle drome te verwesenlik? Word die veranderde rolle deur kerkrade in ag geneem of met vrouepredikante bespreek? Of is dit die vrouepredikante wat nie kans sien om die huishoudelike rolle en pligte aan te pas by hulle werksomstandighede nie? Sou die vroue wat hulle uit die deelydse standplase laat losmaak het dit gedoen het as hulle in volstandplase was en dus as broodwinners kon optree en hul gesinsverantwoordelikhede kon aanpas? Of was die finansiële vergoeding (gewoonlik verminderde traktement) nie kompensasie genoeg vir alles wat hulle moes opoffer of ontbeer, of alles wat hulle moes doen ten einde daardie traktement te verdien nie? As gebrekkige kompensasie die werklike rede was, is dit openlik erken? Of is dit gerieflikheidshalwe agter 'n verskoning soos die huishouding verdoesel om nie aanstoot te gee nie en 'n maklik aanvaarbare uitkoms te bied wat die pad vir werksgeleenthede vorentoe nie sou belemmer nie?

Dit lyk asof daar aannames gemaak word (beide deur kerkrade en die kerklike administrasie) wat veroorsaak dat vrouepredikante nie die geleentheid gebied word om voluit werksaam te wees in die kerk nie. Tog kan dit wees dat die vroue self nie kans sien om die tradisionele rol in die huishouding te verruil om by hul werksomstandighede en die 21ste-eeuse leefstyl aan te pas nie. Hierdie

saak sal beslis indringend ondersoek moet word voordat daar gesaghebbende uitsprake in dié verband gemaak sal kan word.

3.2.2 Gelykheid

Dit is verblydend dat 60% van die respondente voel dat hulle gelykwaardig met hulle manlike kollegas behandel word. Die feit dat gemeentelede min onderskeid maak tussen manlike en vrouelike predikante werp 'n positiewe lig op die werksaamhede van vrouepredikante. Dit beteken dat die vroulike aanslag positief ontvang en waardeer word, terwyl die vlak van professionaliteit waarmee die vroue hulle van hulle taak kwyd, nie afsteek by dié van hulle manlike kollegas nie. Op hierdie vlak het daar in die laaste dekades dus positiewe groei in die Hervormde Kerk plaasgevind. Indien die positiewe houding van gemeentelede na ander sektore van die kerk en samelewing uitgedra word, sal vrouepredikante kort voor lank gelykheid op alle vlakke van hulle werk kan ervaar. Tog is die 40% ongelukkigheid ten opsigte van gelykheid steeds baie hoog en moet daar na moontlike redes vir hierdie situasie gesoek word. Dit is kommerwekkend dat 69% van die respondente beweer dat hulle harder moet werk as hulle manlike kollegas om gelykwaardige behandeling te beding. Hierdie bewering is 'n baie ernstige aantyging waaraan die kerk dringend en in diepte sal moet aandag skenk.

Van Niekerk (1996) gebruik twee beelde wat die situasie van die vrou in die kerk in die algemeen uitbeeld. Aan die een kant voer die kerk vroueteoloë met "heilige krummels" (Van Niekerk 1996:45). Vroue kry net genoeg krummels uit die hand van die manlik beheerde struktuur in die kerk om hulle te laat voel dat hulle ondankbaar is as hulle om meer sou wou vra. In teoretiese sin het die vroue gelyke toegang en geleenthede, maar in die praktyk bly die glasplafon stewig in plek. Dat hierdie praktyk in die Hervormde Kerk ervaar word, het duidelik uit die vraelyste geblyk. Aan die ander kant is daar ook vroue was soos "koninginbye" (Van Niekerk 1996:27) optree. Hulle tree soos openbare skakelbeampies op in belang van die manlike gesagstruktuur deur ander vroue wat probeer om op gelyke regte en behandeling en betaling aan te dring, te veroordeel en te etiketteer. Ook hierdie praktyk, waar vrouepredikante hulle kollegas wat op gelyke

behandeling aanspraak maak, veroordeel, het duidelik uit die vraelyste wat terugontvang is, geblyk.

Een van die sake wat waarskynlik tot diskriminasie aanleiding gee, is die feit dat die vrouestem stil is. Die swak respons op die vraelys wat uitgestuur is, is 'n bevestiging van die "voicelessness" van Afrikaner-vroue (Landman 2005:148) wat deur die geskiedenis tradisioneel geteken word as hulle wat bereid is om stilswyend te ly op alle gebiede (Landman 1996b:4). Ackermann (1984:75) haal Ruether aan wat meen dat die vrou haar eie grootste vyand is omdat sy tevrede is met die status quo en nie bereid is om beswaar te maak teen ongelykhede nie. Aan die een kant is die vrou so gewoonnd daaraan dat sy deur mans oorheers word (beide in die gesin en werkplek) dat sy dit eenvoudig nie as diskriminasie ervaar nie, omdat sy in so 'n omgewing grootgemaak en opgevoed is. Aan die ander kant is dit makliker om op die kantlyn te sit en verontreg te word - slagoffer te wees - as wat dit is om tot die stryd toe te tree en die gevaar te loop om geëtiketteer te word as 'n feminis of liberalis.

Die geskiedenis wys dat dit nie vroue is wat bevryding en bemagtiging in die werkplek bewerkstellig nie, maar mans wat dit namens hulle doen (Haug aangehaal deur Van Niekerk 1996:36). In die Hervormde Kerk is die manlike aanspreekvorme in meerdere vergaderings en kerklike dokumente nie deur vroue beveg nie, maar deur mans. Daar kan nie langer van mans verwag word om die stryd namens die vrou te stry nie. Vroue moet bereid wees om self vir bemagtiging op te staan en ongelykhede uit te wis. Niemand kan weet wat vroue dink of ervaar as hulle nie self uitdrukking daaraan gee nie.

Stilswye is egter nie die enigste oorsaak van diskriminasie in die kerk nie. Aannames en taboes beklee steeds 'n volwaardige plek in die kerklike strukture en dit bepaal mense se optrede in groot mate. Daar word aangeneem dat vroue tevrede is met die feit dat hulle as "goedkoop arbeid" misbruik word. Daar word verder aangeneem dat die tradisionele rolle van man en vrou (soos deur die kapitalistiese stelsel ontwerp is - Barret aangehaal deur Van Niekerk 1996:40) ten alle koste behoue moet bly asof dit 'n Bybelse instelling is. Die tradisie dat daar nie in die kerk oor geld gepraat word nie, leef steeds

sterk in die meeste gelowiges se denkraamwerk. Dit veroorsaak misverstand, en gee dikwels aanleiding tot onbillike arbeidspraktyk en ongelukkigheid by werknemers, terwyl werknemers wat uitsprake hieroor maak van ondankbaarheid beskuldig word. Mense wat beter en regverdigte werksomstandighede wil beding, word outomaties geklassifiseer as ondankbaar, stroom-op, oproermakers, feministe en vol suur druiwe. Etikettering vier steeds nie-amptelik hoogty in die kerklike gemeenskap.

Die feit dat die staat godsdiens sien as 'n private aangeleentheid (Van der Walt 2005:165), en daarom nie bemoeienis maak met diskriminerende praktyke in kerke nie, het tot gevolg dat daar in talle Suid-Afrikaanse kerke teen mense gediskrimineer word. Dit sluit dinge in soos diskriminasie teen geslag, ras, seksuele voorkeure, geloof, taal en kultuur. Hierdie diskriminerende praktyke word in verskillende mate in die verskillende Suid-Afrikaanse kerke toegepas. Rassisme is selfs in die Nuwe Suid-Afrika nog lewend in sommige van die Afrikaanssprekende kerke, en wanneer daar effens dieper as die nerwe gekrap word, is dit duidelik dat ook seksisme steeds in die kerke bedryf word (hoewel dit gestel moet word dat dit dalk nie in alle gevalle doelbewus is nie). Albei hierdie praktyke is in stryd met die Bybelse boodskap, en die kerke maak hulleself skuldig aan dwaalleer in hierdie verband.

3.2.3 Passie

Uit die antwoorde wat die vroueteoloë op die vraelyste verstrek het, lyk dit asof die meeste vroue wat in die teologie studeer het, werklik erns maak met hulle passie - wat in die meeste gevalle verband hou met evangelieverkondiging - en dit baie graag as 'n voltydse beroep wil uitleef. 87% van die respondente het aangedui dat hulle hul passie volledig of gedeeltelik uitleef deur die werk wat hulle in die Hervormde Kerk verrig. Die kantaantekeninge wat sekere respondente op hierdie vraag gegee het, wys egter dat daar selfs op hierdie gebied rooi ligte flits wat aandag sal moet geniet.

3.2.4 Die vrou in die amp

Oor die algemeen is vrouepredikante dankbaar vir die geleentheid wat hulle gebied word om hulle roeping binne die Hervormde Kerk te kan uitleef. Die kerk plaas geen formele beperkinge op die bediening van vrouepredikante nie en die houding van die kerk word deur die meeste vrouepredikante as ondersteunend beleef.

'n Skeefgetrekte vorm van dankbaarheid leef egter ook onder die respondente, aangesien mense voel dat hulle dankbaar moet wees vir die feit dat hulle wel werk het (al is dit teen verminderde traktement). Die Suid-Afrikaanse samelewing, waar werkloosheid hoogty vier, is verantwoordelik vir hierdie mistasting, terwyl die tradisie van die kerk, naamlik om nie oor geld te praat nie, dit verder versterk en mense daarvan weerhou om aandag te vestig op die onregverdigheid van hierdie praktyk en dit reg te stel.

Die respondente wat meen dat die Suid-Afrikaanse vrou geen beperkinge beleef nie, het waarskynlik net geoordeel vanuit hulle eie ervaring as blanke vroue wat geleentheid het tot onderwys, opleiding en werkseleenthede. Kan dit wees dat daar steeds professionele, goed opgeleide vroue in Suid-Afrika is wat eerlik kan getuig dat hulle van geen diskriminasie teen vroue in ons land bewus is nie? Hierdie vroue beseft blykbaar ook nie dat gelykheid niks te doen het met "voorkeurbehandeling" of "pamperlang" nie, maar dat dit bloot verwys na dieselfde behandeling ten opsigte van geleenthede, arbeidspraktyke en besoldiging. Hoe groot is die opvoedingstaak werklik?

Ten slotte kan daar gesê word dat dit lyk asof die vrouepredikante ten spyte van praktiese probleme wel die mas opkom in die bediening in die Hervormde Kerk, en dat vroue ook besig is om leiersposisies in die kerk te verwerf, hoewel daar tereg gevra kan word hoekom nou eers en hoekom so min?

4 SLOT

Die wêreld waarin ons leef, verander voortdurend. Deel van die taak van die kerk is juis om te sorg dat die gelowiges se teologiese denke in die veranderende leefwêreld steeds relevant en getrou aan die

Bybelse fondament bly. Dit word gedoen deur aanpassings en regstellings te maak wanneer die kerk daarvan bewus word dat sy teologie om die een of ander rede disfunksioneel raak (Van Niekerk 2006) of teen ander mense diskrimineer. Die belangrikste voorbeeld van hierdie “regstellende aksie” was seker die sestiende-eeuse Hervorming. Drie eeue later moes Christene wêreldwyd weer ’n geweldige aanpassing in hulle geloofsdenke en leefwyse maak toe die slawe vrygestel is. In Suid-Afrika het die stryd rondom die politiek van apartheid (wat deur die Afrikaanse susterskerke gepropageer en teologies begrond is) en die afskaffing daarvan (waar die Kerke hulle teologie moes herbedink en aanpas) selfs tot skeuring in kerklike geledere aanleiding gegee.

Dit lyk asof die uitdagings wat vandag aan die kerk gestel word - waarvan diskriminasie (teen geslag, ras, seksuele voorkeur, ens) seker een van die belangrikstes is - so groot is dat die kerke nog vir jare in hierdie worsteling vasgevang sal wees. Indien die kerk haar op hierdie gebiede laat lei deur die wêreldbeskouing (voorkeure en afkere van mense), kan hierdie sake werklik problematies bly en die primêre taak en opdrag van die kerk groot skade berokken. Indien die Kerk, soos in die verlede wanneer sulke krisisse opgeduik het, daarin slaag om vernuwend te dink aan die hand van die sentrale riglyne van die Skrif, kan die kerk weer, soos in die verlede, ’n leiersrol speel wat die samelewing se denke en optrede positief sal beïnvloed op talle van hierdie gebiede.

Die paradigmaskuif wat Landman (2005:148) bepleit om vroue te bemagtig en hulle stilswye te verbreek, is net die een kant van die saak. Aan die ander kant is dit net so dringend noodsaaklik om die manlike deel van die samelewing se denkraamwerk ten opsigte van die vrou te verander. Mans moet tot die besef gebring word dat hulle nie oorheersing of die verlies van mag en gesag in die kerk hoef te vrees nie. Wanneer daar na Jesus se optrede en lering gekyk word, is dit duidelik dat mag en gesag geen plek in die kerklike opset mag hê nie. Vroue moet as medegelowiges aanvaar, hanteer en gerespekteer word, wat vir hulleself kan en moet dink, praat, besluite neem en die verantwoordelikheid dra, net soos hulle manlike kollegas en net soos ander beroepsvroue. Die denkraamwerk wat gebruik moet word, mag nie langer deur ras, geslag, seksuele voorkeur, die kapi-

talistiese denkraamwerk of enige iets anders as geloof en die Bybelse fondament bepaal word nie. Hierdie denkraamwerk moet ten doel hê om alle gelowiges te bemagtig om die evangelie ongehinderd aan 'n verlore wêreld te bring.

BRONNE GERAADPLEEG

Ackermann, D M 1984. The role of women in the church - certain practical theological perspectives, in Vorster, W S (ed.), *Sexism and feminism in theological perspective*, 61-84. Pretoria: University of South Africa.

Christians.co.za 2006. "Droefheid in hemel" oor toe deure vir GKSA se vroue. Christians.co.za. 26 Jan 2006. Datum inligting bekom: 31 Aug 2007.

Dreyer, Y 1998. Feministiese hermeneutiek as kritiese teorie. *Hervormde Teologiese Studies* 54 (3 & 4), 623-651.

Dreyer, Y 1999a. Jesus en vroue. *Hervormde Teologiese Studies* 55(1), 70-96.

Dreyer, Y 1999b. Vroue - ervaring en spiritualiteit. *Hervormde Teologiese Studies* 55 (2 & 3), 360-379.

Dreyer, Y 2000a. Die vrou as beeld van God: vanaf Genesis tot die Middeleeue. *Hervormde Teologiese Studies* 56 (2 & 3), 672-696.

Dreyer, Y 2000b. Die vrou as beeld van God: vanaf die Reformasie tot die twintigste eeu. *Hervormde Teologiese Studies* 56 (4), 949-972.

Dreyer, Y 2002. Vrouwenpastoraat: een paradigmaverandering. *Hervormde teologiese Studies* 58 (3), 919-939.

- Edwards, F 1984. God from a feminist perspective, in Vorster, W S (ed.), *Sexism and feminism in theological perspective*, 36-57. Pretoria: University of South Africa.
- Heyns, J A 1985. *Teologiese etiek*. Kaapstad: NGK Boekhandel.
- Kleynhans, E P J 1983. *Die vrou en die amp in die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Bloemfontein: Universiteit van OVS.
- Klopper, F 1993. Postmoderne feminisme: verset teen dominansie, die viering van verskille en 'n respek vir tradisie. *Theologia Evangelica* 27, 17-24.
- Klopper, F 1996. Feminism, the postmodern way, in Landman, C (ed.), *Digging up our foremothers. Stories of women in Africa*, 49-58. Pretoria: University of South Africa.
- Landman, C 1984. A profile of feminist theology, in Vorster, W S (ed.), *Sexism and feminism in theological perspective*, 1-30. Pretoria: University of South Africa.
- Landman, C 1992. *Europe's role in a South African methodology. A sideline and female perspective*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Landman, C 1996. Christian women in South African historiography - an overview, in Landman, C (ed.), *Digging up our foremothers. Stories of women in Africa*, 3-26. Pretoria: University of South Africa.
- Landman, C 2005. "Leefstyl-Bybel vir vroue": Afrikaans speaking women amidst a paradigm shift. *Studia Historiae Ecclesiasticae* 31(1), 147-162.
- Oduyoye, M A 1998a. Women re-imagining and re-shaping theology, Ralte, L (ed.), *Women re-shaping theology. Introducing women's studies in theological education in India*, 3-13. Delhi: UTC.

- Oduyoye, M A 1998b. The churches' participation in the women's revolution, Ralte, L (ed.), *Women re-shaping theology. Introducing women's studies in theological education in India*, 69-78. Delhi: UTC.
- Plaatjies, M-A & Landman, C 2005. Vroue in die teologiese antropologie van die Afrikaanse gereformeerde tradisie. *Studia Historiae Ecclesiae* 31(1), 203-222.
- Pretorius, S P, (fanie@nhk.co.za). 30 Augustus 2007. Statistiek. E-pos aan: Oliver, E, (olivee@unisa.ac.za).
- Scholtz, D A. [sa]. *Die amp en die vrou in die Kerk*. F83017.
- Statistics South Africa. 2004. *Census 2001. Prime tables. Census '96 and 2001 compared*.
- Van der Merwe, J D G [sa]. Die vrou in 'n kerklike amp - ja of nee?
- Van der Walt, T. 2005 Diskriminasie teen vroue in geloofsverband: 'n Regsperspektief. *Studia Historiae Ecclesiae* 31(1), 163-186.
- Van Niekerk, E 1996. Does belief have two genders? in Landman, C (ed.), *Digging up our foremothers. Stories of women in Africa*, 27-48. Pretoria: University of South Africa.
- Van Niekerk, P 2006. Broeders in tru-rat. *Die Volksblad*. 19 Januarie 2006.
- Van Staden, P J [sa]. *Die vrou in die amp: 'n historiese oorsig van die argumente ten opsigte van die toelating van die vrou tot die kerklike ampte, veral met betrekking tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. F36841.

